

Gereformeerde Kerk Bellville – 16 September 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Skrifberyming 10-1:1, 2 (Sb 28)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Skrifberyming 12-3:1, 2

- 1 Enigste Here, enkele Wese, / ons glo in U met ons hele hart.
Heerlik bely ons, vry-uit getuig ons: / U is vir ewig God en Heer.
- 2 U, onbegryplik, U is onsienlik, / altyd dieselfde, oneindig groot.
U is almagtig, wys en regverdig – / U is die bron van alle goed.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 32:1 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.

Gebed

Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

- 1 Ek buig voor God die Vader biddend neer, / voor Hom deur Wie gelowiges mag lewe:
dié reeds verhoog, in hemele verhewe, / en dié wat nog in aardse tyd verkeer.
- 2 Mag God nou deur sy Gees in julle werk, / jul uit sy ryke heerlikheid bekragtig
sodat in julle woon die Christus magtig / en jul in liefde vasstaan, stewig, sterk.
- 3 Mag jul begryp hoe wyd dié liefde strek, / hoe diep en hoog – vér ons verstand te bowel!
Mag julle wat met almal saam gelowe, / dit in Gods volheid ken en klaar ontdek.
- 4 Aan Hom wat kragtiger in ons kan werk / as wat ons bid of dink – aan Hom, die Here,
bring ons in Christus ewig, ewig ere! / Amen! Aan Hóm die ere in die kerk!

Skriflesing: Matteus 6:1-18

Kernverse: Matteus 6:9a

Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is ...
(Matteus 6:9a AFR53)

Tema: Wie die God is wat ons as Vader in gebed aanroep

Geliefde broers, susters en kinders van ons Here Jesus Christus, as daar een aspek in ons verhouding met God is waaroor elke gelowige een of ander tyd 'n worsteling het, is dit oor ons kommunikasie met God. Kom ons sê dit in ander woorde. Elke gelowige beleef een of ander tyd 'n worsteling rondom gebed. Vrae en opmerkings soos die volgende is goed aan ons bekend: ek bid, maar dit voel of my gebed teen die plafon vassteek. Hoe kan ek seker wees dat God my gebed sal verhoor? Hoekom lyk dit soms of die Here nie gebede wil verhoor nie? Hoe kan ek seker wees dat God my hoor? Is bid nie maar iets wat die mens hom-self geleer het en nou verbeel hy hom dat daar iemand is wat hom sal hoor as hy bid nie?

Miskien kan jy jou vereenselwig met een of meer van hierdie vrae. Miskien voel jy geskok om te hoor dat 'n mens die sin van gebed enigsins kan betwyfel. Die oplossing van hierdie worstelinge rondom gebed, lyk vir my, is daarin geleë dat ons sal weet wie die God is wat ons as Vader in gebed aanroep. As ons weet wie God regtig is, sal dit aan die een kant vir ons makliker wees om met God te praat en, aan die ander kant, sal ons gebede in ooreenstemming wees met wat God van ons verwag.

In die bergrede het Jesus ons op twee maniere van bid gewys wat nie aan God se standaard vir gebed voldoen nie. Die een manier is soos die Fariseërs bid. Hulle bid lang en mooi gebede, nie om aan God die eer te bring nie, maar sodat die mense hulle moet hoor en raaksien. Hulle gebruik die gebed om vir mense te wys hoe godsdienstig en goed hulle is. Teenoor hierdie misbruik van gebed sê Jesus: Gaan in jou kamer in en sluit die deur. Gebed is immers bedoel om God op te soek en om privaat met Hom te praat. Gebed is nie bedoel om jouself beter te laat lyk in die oë van mense nie, maar om jou te verneder voor die aangesig van die almagtige God.

Die ander manier van bid wat nie aan God se standaard vir gebed voldoen nie, is om soos die heidene bid. Hulle rammel 'n klomp woorde oor en oor af met die bedoeling om hulle gode se aandag te trek. Die woorde rol oor hulle lippe sonder dat hulle woorde regtig enige betekenis het. Teenoor hierdie manier van bid sê Jesus: Julle hoef nie God se aandag te trek so asof Hy afwesig sou wees of te besig om na julle te luister nie. God weet presies wat ons nodig het, nog voordat ons dit vir Hom vra. Gebed is immers nie bedoel om God oor jou nood in te lig nie. Gebed is bedoel om ons vertrou op die Here te versterk. In gebed oordink ons God se beloftes. Wanneer ons met ons almagtige God in gebed praat, neem Hy deur sy Gees al ons angste en kommer van ons af weg omdat ons dit vir Hom vertel. En die Here stort deur sy Gees vrede, wat alle verstand te bowe gaan, in ons harte uit sodat ons kan amen sê.

'n Dissipel van Jesus moet dus opreg wees in sy gebed. Hy moenie soos die Fariseërs maak wat gebid het om deur mense gesien te word en nie om God te eer nie. En sy gebed is goed deurdinkte woorde en nie 'n gebabbel soos die heiden se gebed nie. Jesus leer ons dat 'n gelowige se verstand en hart by elke woord van sy gebed betrokke moet wees. Wanneer 'n mens so bid, is gebed nie meer 'n herhaling van betekenislose woorde nie en ook nie 'n manier om mense se aandag op jouself te vestig nie. 'n Gebed waar jou verstand en hart voluit betrokke is, is egte gemeenskap met ons hemelse Vader.

Daarom vervolg ons Here Jesus: **Só moet julle dan bid:** ... Met hierdie woorde beklemtoon Jesus: Hier is nou 'n gebed wat julle as voorbeeld vir julle eie gebede kan gebruik, want hierdie gebed voldoen aan God se standaard vir gebed.

Broers, susters en kinders, die groot verskil tussen die gebede van die Fariseërs en die heidene aan die een kant en die gebede van dissipels aan die ander kant is geleë in die God tot wie ons bid. Vir die Fariseërs was God iemand wat deur hulle misbruik kan word vir hulle toneelspel. Hulle het hulle gebede wat uitsluitlik vir God se ore bedoel is, gebruik om aansien by die mense te wen. Die heidene se gode het blykbaar daarvan gehou as die heidene eindelose ritse woorde babbel sonder enige betekenis. Maar die lewende God wat Jesus Christus aan ons openbaar, hou nie van hierdie soort gebede nie en Hy laat nie met Hom spot nie.

Wie is hierdie God wat ons in gebed aanroep? Wie is die God wat Jesus aan ons bekend maak? Die antwoord op hierdie vraag hoor ons in die heel eerste woorde van die gebed wat Jesus ons leer. Roep Hom so aan, sê Jesus: **Onse Vader wat in die hemele is, ...**

In verband met hierdie wyse waarop ons geleer word om God in gebed aan te roep is daar enkele sake wat ons moet raaksien. Eerstens, die God tot wie ons bid is die persoonlike God. Ons Vader wat in die hemel is, is 'n ewig lewende Persoon. Soveel as wat jy 'n persoon is, so is God 'n Persoon in eie reg. Eintlik is Hy baie meer 'n Persoon as ek en jy, want Hy het die lewe in Homself en gee lewe.

As 'n mens nie aan die hemelse Vader as 'n Persoon dink nie, is Hy vir jou onpersoonlik. Iemand sonder gesig of naam. Iemand wat miskien daar is, maar dit maak nie eintlik regtig saak nie. Of nog erger, as God onpersoonlik is vir 'n mens, dan word daar aan Hom gedink asof Hy 'n iets, 'n ding of hoogstens 'n krag is. En as 'n mens so oor God dink, is dit geen wonder as jy dink dat Hy ver en onbetrokke is nie.

Hoe dink ek en jy oor God? As 'n ding, 'n iets, 'n krag iewers ver in die heelal? Of dink ons oor God soos Hy Homself aan ons bekend maak? Ons Vader in die hemel maak Homself as 'n Persoon bekend. Hy kan sien, Hy kan praat, Hy kan hoor, Hy kan vashou en koester en liefhê. Hy is aan die werk. Hy maak dinge. So leer ons Hom op die heel eerste bladsye van die Bybel ken. Hy vertel ons ook van sy emosies. Hy sê dat Hy tevrede is nadat Hy alles geskep het en gesien het dat dit baie goed is. Hy vertel ons dat Hy teleurgestel en hartseer is wanneer sy mense nie aan Hom gehoorsaam bly nie.

Omdat Hy 'n persoonlike God is, wil Hy in 'n hegte verhouding met sy mense lewe. Alhoewel die mens God se seggenskap en persoonlike betrokkenheid by sy lewe verwerp het, soek God steeds die mens op. Die mens bly nie net maar 'n skepsel van God nie, ook nie maar net 'n sondige skepsel wat vermy en verstoot word nie. Inteendeel, God die Vader se opsoek van die mens loop uiteindelik daarop uit dat Hy Homself in sy verbond aan die mens verbind, want Hy is 'n liefdevolle Vader.

Ons hemelse Vader is nie 'n monster wat mense met die allerverskriklikste wreedhede bang maak nie. Hy is ook nie soos die soort pa waarvan ons so baie maal in koerante en tydskrifte lees nie – die afwesige pa wat nooit tyd vir sy kinders het nie, die rondloperpa wat sy gesin verwaarloos, die pa wat geld vir drank en plesier het maar nooit om sy kinders te versorg nie, of die pa vir wie jy so bang is dat jy nooit 'n woord teenoor hom rep nie.

Ons hemelse Vader is die volmaakte Vader wat sy kinders oneindig liefhet. Hy is so persoonlik die Vader van gelowiges dat hulle deur die Heilige Gees nog meer intiem met Hom mag praat. Ons mag vir Hom *Abba* sê. Jesus het sy Vader as *Abba* aangespreek. Vir die gods-dienstige leiers was dit oneerbiedig om God so aan te roep, want dit is hoe klein

kindertjies in die huis hulle pa genoem het. In ons kultuur het die woord *Abba* 'n soortgelyke waarde as *pappa*.

Wanneer gelowiges tot God bid en Hom aanroep as *Onse Vader* word hierdie woorde gedra deur wat die Here van Homself bekend maak. Hy is die goeie God wat die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra. So liefderyk is God met sy kinders, want Hy ken hulle deur en deur. Met sy groot sterk hand kan en wil Hy hulle vertrous en hulle tranes van hulle oë afdroog wanneer hulle hartseer hulle skuld bely omdat hulle hul Vader met hulle sonde bedroef het.

Wanneer ons dan tot God bid, moet ons onthou dat Hy die persoonlike God en liefdevolle Vader van sy gelowige kinders is. Maar ons Vader is nie net goed nie. Hy is ook groot. Met die woorde **wat in die hemele is** wil Jesus ons aandag nie in die eerste plek daarop vestig dat God in die hemel woon nie. Met hierdie woorde wil Jesus dit aan ons harte en gedagtes vasmaak dat sy Vader alle denkbare gesag en mag en krag in sy hande vashou. Hy is immers die Skepper, Regeerder en Onderhouer van alles wat bestaan. Hy regeer oor alles wat ons kan sien en oor alles wat ons nie kan sien nie, want Hy is almagtig.

Daar is niks wat God kan ontsenu nie. Niks en niemand in die hele skepping het meer mag en krag as Hy nie. Die sterkste en en kwaaieste en strengste mens of owerheid het nie naas-tenby die krag, mag en gesag van ons hemelse Vader nie. Selfs die duivel met sy uiterste wreedheid en uiterste mag wat mense en regerings maklik kan omverwerp, het nie eers die mag en krag van ons hemelse Vader nie. Die feit dat die duivel nou nog so baie mense in sy mag gevange kan hou en die feit dat hy nog so baie wrede dinge op die aarde sal doen, is nie omdat ons hemelse Vader te swak is vir hom nie. God laat hom toe om nog voort te woed. Maar daar kom 'n dag waarop ons hemelse Vader sy Seun weer na hierdie aarde toe sal laat kom. En op daardie dag wanneer Jesus verskyn, sal Hy die duivel met die asem van sy mond verdelg.

Wonder jy nog wie hierdie God is wat jy Vader in gebed mag aanroep? Hierdie God is die persoonlike God van die gelowige. Hy is sy God omdat Hy Homself aan die gelowige verbind het. Hy het 'n verhouding van liefde en trou met mense begin omdat Hy hulle liefhet. En in hierdie hemelse Vader word liefde en almag tot 'n volmaakte eenheid verenig. Wat ons Vader in die hemel in liefde wil doen, kan Hy doen, want Hy is almagtig. Niks en niemand kan Hom keer wanneer Hy sy liefde aan sy skepping wil wys nie.

Ons het nie 'n duideliker en volmakter bewys van hierdie liefde en almag nodig as juis Jesus Christus nie. Kyk tog net wat die Vader in die hemel vir jou en my in Jesus Christus gedoen het. Hy het die wêreld so lief en Hy wil sy liefde so graag wys dat Hy sy enigste en geliefde Seun na hierdie wêreld toe gestuur het. Omdat die Vader die mense en die hele skepping liefhet, gee Hy sy eie Seun aan die dood en die angste van die hel oor. God het besluit dat Hy sy mense en sy skepping uit die greep van die duivel gaan verlos. En Hy het dit gedoen met die kosbare bloed van sy eie Seun wat Hy mens laat word het, Christus Jesus ons Here.

Wanneer Jesus vir ons dan sê: Só moet julle bid en julle moet God aanroep as ons Vader wat in die hemel is, is Hy nie besig om vir ons die regte etiket en goeie maniere aan te leer nie. Vir Jesus gaan dit oor die waarheid. Ons moenie God misbruik om aansien by mense te kry soos die Fariseërs gedoen het nie. Ons moet ook nie oor God dink soos die heidene oor hulle gode gedink het nie. As Jesus sê: Roep God aan as *onse Vader wat in die hemele is*, wil Hy ons gedagtes en ons harte vol maak met die ware, lewende God.

Wanneer 'n mens se gedagtes en hart vol is van die ware kennis van God die Vader, sal dit spontaan by jou opkom om eers vir God te vra dat Hy na sy Naam, sy koninkryk en sy wil sal omsien. Dan sal jou gebed nie 'n eentonige inkopielysie wees waarin jy elke keer in presies dieselfde woorde in presies dieselfde volgorde dinge net vir jouself vra nie. Wanneer 'n mens vol is van die wete wie hierdie God is wat ons as onse Vader aanroep, sal ons nie bekommerd wees om ons eie behoeftes en die behoeftes van ander gelowiges ondergeskik te maak aan God se Naam, koninkryk en wil nie.

Geliefde broer en suster en kind, worstel jy met die probleem dat dit voel of jou gebede nie verder as die plafon van jou kamer kom nie? Lyk dit vir jou of jou gebede nie by die ore van God uitkom nie, want daar gebeur niks van die dinge waarvoor jy bid nie? Het jou gebede aan tafel en by jou eie stiltetyd in 'n eentonige rympie verval? Dan vertrou ek dat die Heilige Gees vanoggend vir jou die pad uit hierdie muwwe gevoel met hierdie woorde van ons Here Jesus gewys het.

Wanneer jy nou weer gaan bid, moenie sommer net wegval met jou gebed nie. Raak eers 'n oomblik stil. Vra die Heilige Gees om jou weer te herinner aan wie God is wat jy as Vader wil aanroep. Onthou dan dat God jou persoonlike God is wat jou liefhet en sy liefde vir jou kan en wil wys omdat Hy almagtig is. Wanneer ons so oor God dink voordat ons begin bid, sal dit vir ons moontlik wees om na ons hemelse Vader te kom met die paslike nederigheid, toewyding en vertroue.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 33:10, 11 (p. 160)

- 10 Sy arm ontbloot Hy uit die hoogte / en red hul siele van die dood.
Hy sorg vir hul by somerdroogte, / in sware tyd en hongersnood.
In die grootste smarte / bly nogtans ons harte / op die HEER vertrou.
Hy, ons skild, Hy wyk nie, en ons hulp beswyk nie / waar ons hart op bou.
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 33:1, 11 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
16 September 2018